

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Mei 2010 Nummer 92

INHOUDS OPGAWE

Oorvloed en skaarste ...1

Die Heilige Gees maak
tonge los! ...2

Die waarheid ken, vra om
waaragtig te wees ...4

Lewe in die verbond en
die gesin ...5

OORVLOED EN SKAARSTE

C Trimp

In die kerk wat Pinkster vier, is skaarste 'n innerlike teenstrydigheid.

Vir ons gevoel is dit nie altyd so nie. Maar ons gevoel is 'n bedrieglike termometer. Dit raak so maklik afgestomp, en pas hom na verloop van tyd by 'n teenstrydige situasie aan.

Na die norm van die Skrif is skaarste in die pinksterkerk wel 'n teenstrydigheid! En uit hierdie norm moet ons praat, dinge takseer, en waar nodig ook ons gevoel korrigeer en opskerp.

As uit die Skrif een ding duidelik word, dan is dit die oorvloed wat die Heilige Gees in alle opsigte aan sy kerk skenk. Pinkster is die fees van die *uitstorting* van die Heilige Gees.

God se geskenk in die nuwe verbond is nie karig nie. God skenk sy Gees aan sy Seun se volk om hulle ryk te maak. Hy skenk oorvloed om hulle blydschap, vertroosting, liefde en wysheid te laat toeneem.

As ons in die Skrif lees, dan sien ons dat hierdie geskenk van oorvloed 'n *opdrag* inhou, maar ook as 'n *kenmerk* van die gemeente beskryf word in haar lewe met God. (Kyk bv na 1 Thes 4:1,10 en die uitbundige beskrywing in 2 Petr 1:3-8).

Die Heilige Gees wil ons volgens God se ryke genade *alle* wysheid en verstand gee om die heilsgeheime van God se wil te ken. Dit is nie 'n saak wat slegs bekend is aan een of twee ingewydes wat agter die skerms mag kyk nie. Nee, dis 'n saak wat God oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand (Efe 1:8).

Net soos wat in Efesiërs 1:8 oor die oorvloed van wysheid en verstand gepraat word, praat ander Skrifgedeeltes oor geloof, toewyding, die liefde, goeie werke en die stigting van die gemeente:

2 Kor 8:7 : Maar soos julle in alles oorvloedig is – in geloof en woord en kennis en alle ywer in julle liefde vir ons – sorg dat julle in hierdie

liefdesdaad oorvloedig is.

Filip 1:9,10 : *En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei.*

1 Thes 3:12 : *en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en almal.*

2 Thes 1:3 : *Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word.*

2 Kor 9:8 : *En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees in elke goeie werk.*

1 Kor 15:58 : *Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.*

1 Kor 14:12 : *So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente.*

In die kerk wat Pinkster vier, is skaarste 'n innerlike teenstrydigheid

In hierdie verband kan nog baie meer tekste aangehaal word. Wat duidelik behoort te wees, is dat dit steeds gaan oor *die uitbreiding en die intensivering wat aan die Gees van Christus eie is*. Oorvloed van genade en heerlijkheid word deel van die gemeente!

Van alles wat God deur middel van sy ampsdraers in hierdie bedeling doen, geld die woord van die apostel: *Want dit is alles om julle ontwil, sodat die genade, wat groter geword het deur so baie mense, die danksegging oorvloedig kan maak tot die heerlijkheid van God* (2 Kor 4:15).

Hierdie uitbundige Skrifonderrig oor die oorvloed van die Pinksterbedeling laat ons jaar na jaar beskaamd staan, as ons kyk na hoe ons die Pinksterfees vier.

Want by al die sake waarop die Skrif lig werp (getalle, geloof, insig, toewyding, goeie werke, dankbaarheid, ens.) sal ons sonder moeite kan sien dat daar weinig groei, en geen oorvloed waargeneem kan word nie. Daar is baie traagheid, dorheid en stilstand te bespeur. Ons sou selfs van agteruitgang en insinking kon praat!

Die skuld daarvoor lê nie by die Gewer van alle goeie dinge nie. Die oorsaak moet uitsluitend by die ontvanger gesoek word (Jak 1:17).

Wie regtig Pinkster vier, sal nooit aan hierdie situasie gewoon raak nie, maar dit toenemend as teenstrydig ervaar. Pinksterfees is vir die kerk dus ook altyd die fees waarin daar vernuwing van ons normbesef moet wees. Die fees verfris ons aandag, skerp ons gewete op, verskerp ons blik op God se bedoeling, en laat ons die kerklike lewe se armoedigheid weer raaksien.

DIE HEILIGE GEES MAAK TONGE LOS!

JJ Schreuder

Hoekom evangeliseer?

Veronderstel jy besoek iemand wat baie siek is. Jy sien hoe ernstig die situasie is. Sonder mediese behandeling sal die pasiënt sterf. Jy weet wat die siekte is, en jy het die regte medikasie. As jy nou niks doen of sê nie, is jy verantwoordelik vir die gevolge.

Mense wat sonder God en sonder Christus lewe, is aan die dood oorgegee. Tensy hulle Christus leer ken en op die pad van geloof en bekering van Hom versoening van hulle sondes en die ewige lewe ontvang.

En dit het alles te doen met die Gees van Pinkster!

God sorg so goed vir elkeen van ons, dit is asof Hy vir my alleen sorg

- Augustinus

Die tekens van Pinkster

Die koms van die Heilige Gees word deur besondere tekens sigbaar en hoorbaar gemaak. (Hand 2:1 – 13)

Die geluid van 'n geweldige rukwind word gehoor. Hoekom wind? Die Griekse woord (pneuma) kan gewoon 'wind' beteken, maar kan ook wys op die Gees van God.

Die Heilige Gees kan ook met wind vergelyk word. Jy kan die wind self nie sien nie. Tog kan jy sien dat dit waai: die wolke en die blare aan bome beweeg. So kan ons die Heilige Gees nie sien nie, en ons weet nie presies hoe Hy werk nie. Die resultaat van sy werk is egter duidelik sigbaar. Mense kom tot geloof en bekering, hulle word nuwe mense (Joh 3:8).

Die tweede teken van Pinkster is dat tonge van vuur gesien word, wat hulleself verdeel en op elkeen van die aanwesige volgelinge van die Here Jesus gaan sit. Hoekom sien hulle iets in die vorm van tonge? Omdat hulle almal vervul is met die Heilige Gees en hulle begin praat het in ander tale. Die Here Jesus is hemel toe. Die evangelie van redding deur Hom moet die hele wêreld bereik. Hoe gaan dit gebeur? Met die hemelvaart is die aantal volgelinge van Christus minimaal. Ook nie juis uitsonderlik gekwalifiseerde mense nie. Dis deur die Heilige Gees wat hulle hul enorme taak kan aanpak. Tonge kom in beweging, en hulle woorde sal 'n enorme invloed hê. Dit sal werk soos vuur wat skeiding maak tussen edelmetaal en dit wat sonder waarde is. Die evangelie werk louterend. Dit wat voor God nie mag bestaan nie, moet weg. Wat van waarde is vir Hom, moet heeltemal gesuiwer word.

'n Derde teken maak alles nog duideliker. Al die aanwesige leerlinge van Christus praat. Wat egter besonders is, is dat hulle dit in verskillende tale doen. Mense van heinde en ver hoor in hulle eie tale van die groot dade van God. So blyk dit wat die eintlike doel van die Heilige Gees is! Van nou af sal die evangelie met groot krag gepreek word. In alle tale. Die getuienis van Jesus gaan wêreldwyd. Presies soos die Heer van die kerk gebied het (Hand 1:8).

Die Heilige Gees maak tonge los!

Die gawes in Korinte

As Paulus in 1 Kor 12 – 14 die werk van die Heilige Gees bespreek, is die beskouing anders as in Handeling. In Handeling is die nadruk op die betekenis van die doop met die Heilige Gees vir eksterne werwing. Paulus lê klem op die interne opbou van die gemeente.

Die Korintiërs het 'n oorfloed van gawes van die Heilige Gees ontvang. Tog gaan dit nie goed met die gemeente nie. Die gawes word verkeerd gebruik. Mense gebruik die gawes om mee te pronk. Veral die spreek in tonge is gewild. Wie hierdie gawe het, sien op ander neer. Individualisme bederf die gawes. Paulus plaas vir die Korintiërs in 1 Kor 12 die gawes in 'n ry. Nie die enkeling (wat in tonge kan praat) het die doop met die Gees ontvang nie, maar die hele gemeente (1 Kor 12:13). Die gawes van die Gees word gegee vir gemeentebou, om mekaar in liefde daarmee diensbaar te wees (1 Kor 13). Die grootste gawe is die een wat die onderlinge opbou die beste dien. Watter gawe is dit? Profesie: duidelike spraak, tot stigting, vermaning en bemoediging. (1 Kor 14:3)

Ook hier word dus as besondere Geestesgawe genoem dat tonge in beweging kom, om die evangelie duidelik deur te gee en toe te pas.

Ook hier word dus as besondere Geestesgawe genoem dat tonge in beweging kom, om die evangelie duidelik deur te gee en toe te pas.

Al gaan hierdie hoofstukke spesiaal oor interne opbou en die funksionering van die kerk as liggaam, is dit tog duidelik dat dit nie alles agter geslote deure plaasvind nie. Die gemeente moet sake so reël dat wanneer ongelowiges of toehoorders binnekom, hulle nie afgeskrik word nie. Ook hulle moet duidelike taal hoor. Die doel is dat hulle God aanbid en erken dat Hy in die kerkgemeenskap aanwesig is (1 Kor 14:23-25). As die vraag opkom hoe die kerk die gawes van die Gees moet gebruik, moet ons rekening hou met die opdrag om uitnodigend op te

Dat sorg ons hart so in beslag neem, kom nie van die omvang van die gevaar nie, maar van die omvang van ons ongeloof
- M Luther

tree teenoor hulle wat nie deel uitmaak van die kerkgemeenskap nie!

(Oorspronklik uitgegee onder die titel: *Evangelisasie en die oorfloed van Pinkster*. Ons het egter net 'n deel van die artikel oorgeneem.)

DIE WAARHEID KEN, VRA OM WAARAGTIG TE WEES

K van den Geest

Die kerk van Christus se ernstige soeke en handhawing van die waarheid, is tereg. Deur Pinksterfees word ons weer herinner aan die Gees wat ons in die waarheid sal lei. Maar die Gees doen ook meer as dit. Hierdie kort artikel word geplaas om ons weer te laat beseef wat die groot werk is wat die Gees in ons wil doen. Mag ons weer beseef hoe nodig ons Hom het om hierdie dinge in ons waar te maak!

As 'n mens werklik in die waarheid glo, beteken dit dat jy ook self waar *is*. Dan is ons 'n lewende aanbevelingsbrief vir Christus, soos Paulus dit stel in 2 Korinthiërs 3:3. As ons is wat ons glo, eers dan is ons ook 'geloof-waardig', oortuigend.

Van hierdie 'oortuiging' praat die evangelie van Johannes op verskeie plekke. Christus vertel byvoorbeeld van die 'Gees van die waarheid' wat sal kom (Johannes 14:16; 15:26; 16:13). Hy is die Trooster, d.i. die Advokaat van die Waarheid. God konfronteer die wêreld met sy waarheid. Daarom sal die Gees van die waarheid die wêreld oortuig: 'van sonde, van geregtigheid, van oordeel' (Johannes 16:8).

En God vra van ons dat ons, wat lewe soos mense wat die waarheid ken en doen, daardie getuienis van die waarheid oorneem. Ons kan die mense om ons heen self nie oortuig nie. Die Heilige Gees doen dit. Maar Hy doen dit deur ons. Eerstens deur ons gedrag: hoe maak ons die waarheid

sigbaar in ons lewe? Hoe gaan ons met mekaar, met ons medemens, om? Is die liefde van Christus duidelik herkenbaar aan ons?

Maar tweedens kan daardie getuienis uiteindelik nie sonder die woord van die waarheid nie. Ons moet ook praat oor die waarheid. Ons is geroep om so Gods waarheid 'aan die lig te bring' (2 Kor. 4:2).

Dit werp ook lig op die 'ware' kerk. Waarom is die kerk 'waar'? Omdat ons die Waarheid van God onverkort aanvaar en handhaaf? Ons belydenis (Nederlandse Geloofsbelydenis Art 29) voeg baie nadruklik nog iets by. Iets waar ons dikwels heeltemal aan verby kyk.

Maar hoe gaan ons met die waarheid om? Asof ons dit in beheer het? Of is die waarheid opnuut 'n werksame krag?

Die kerk is die pilaar en fondament van die waarheid (1 Tim. 3:15). Die Here het aan sy gemeente die waarheid toevertrou. Maar hoe gaan ons met die waarheid om? Asof ons dit in beheer het? Of is die waarheid opnuut 'n werksame krag? Want Art. 29 NGB praat nie alleen oor die kenmerke van die ware kerk nie, maar ook oor dié van die ware Christene. As ons tesame die waarheid ken en bely, hoe word dit dan in die kerk sigbaar? Is ons dan self ook die waarheid?

As u kinders dit nie aan u opmerk nie, as die jongmense in die kerk nie sien dat die waarheid van die evangelie ook die werklikheid in ons lewe is nie, as die mense om ons heen nie sien dat ons die waarheid van Christus doen nie, dan staan ons in die pad van God se Gees. Hy wil die wêreld oortuig. Daarvoor gebruik Hy ons. Die waarheid is alleen oortuigend as dit ook sigbaar word, lewendig en werklik is. Dít is geloof-waardig!

Hoop is geduld wat sy lamp by God se lig aangesteek het

- Tertullianus

LEWE IN DIE VERBOND EN DIE GESIN

HJ Messelink

Die gesin, ons eie huis: dit is waar die praktyk van ons lewe met die Here in die eerste plek uitgewerk word. Daar beleef ons die werklikheid van die verbond.

Of nie!

Dit kan ook gebeur. Daar kan soveel in die gesin verkeerd gaan. Soms deur skuld van die ouers; soms deur onvermoë; soms ondanks die goeie insette van die ouers. Vir bewyse hiervan kan ons maar net rondom ons kyk.

Laat ons eerder begin deur die Bybel oop te maak en te kyk hoe dit in die gesinne in die Bybel gegaan het.

Toe en nou

'n Mens kom op baie mooi dinge af. Paulus sê vir Timoteus dat as hy aan hom dink, sy geloof in beeld kom, soos dit eers in sy ouma Lois en daarna in sy moeder Eunice geleef het (2 Tim 1:5). En dit terwyl hy 'n heidense vader gehad het.

Die watermerk van jou doop gaan nooit van jou voorkop af nie. Dit is die voorsprong om te leef in die verbond!

Ons lees ook ander dinge: Ons lees dikwels dat dit nie goed gaan nie. Dink aan die gesinne van die aartsvaders: Abraham stuur sy seun Ismael weg, Isak wat probeer het om Esau voor Jakob voor te trek. Jakob moet toesien hoe sy liefingseun Josef deur sy broers in Egipte as slaaf verkoop word. Dink aan Eli wat deur sy slap optrede teenoor sy seuns Hofni en Pinehas, die gevolge daarvan ondervind. Ook Samuel, die vroom man, sien dat sy seuns nie sy weg bewandel nie. Hulle leef vir geld en hulleself. Hulle het ongetwyfeld 'n goeie verbondopvoeding gehad. Die Bybel veroordeel Samuel ook nie, in teenstelling tot Eli. So kan ons verder vertel van die gesin van Dawid, van Josafat,

van Hiskia, van Josia, almal voorbeelde van hoe dit nie vanselfsprekend is dat dit in Bybelse gesinne altyd goed gaan nie. Die Bybel swyg nie hieroor nie. Ons hoef dus nie te dink dat die moeites van die lewe eie aan ons tyd is nie. Dit kan ons bemoedig. Want ons sou 'n angsgevoel kon hê dat ons niks reg kan doen in ons opvoeding nie – jy twyfel oor alles wat jy doen. En gemeet aan dit wat jy sien by jou kinders, dat jy seker maar 'n minderwaardige figuur is, van geen waarde vir God nie. 'n Voëlvlug oor die gesinne in die Bybel laat ons sien: Ek is nie noodwendig beter of slegter as die vaders of moeders in die tyd van Abraham, Samuel of Dawid nie.

Wedergeboorte

Ons moet liever let op wat die eeue deur in die verbond dieselfde gebly het! En dan noem ek twee dinge, wat ook in die doopformulier na vore kom:

1. al ons kinders is in sonde ontvang en gebore;
2. daar is 'n daadwerklike wedergeboorte nodig voor hulle die koninkryk van God kan binnegaan.

Met die lieue babatjie in die wieg moet daar groot dinge gebeur as hy eendag die nuwe aarde wil beërwe. Van die kind self hoef ons nie te veel verwag nie. Daar moet 'n wonder plaasvind om hom of haar 'n lewende gelowige te maak! Anders sal dit nooit gebeur nie. Daarin is al ons kinders gelyk.

Maar ons kinders het 'n voorsprong bo ander kinders: hulle is gedoop! God was aanwesig by die begin van hulle lewe en hulle kry op hulle lewensreis pragtige beloftes saam. Ons kinders kry sy sorg, trou en liefde. Daar is 'n belofte van die Heilige Gees dat Hy die geloof en die wedergeboorte in ons hart wil werk. Die God wat beloftes gee, kan nie lieg nie. Op hierdie belofte kan jy terugval, jou lewe lank. Die watermerk van jou doop gaan nooit van jou voorkop af nie. Dit is die voorsprong om te leef in die verbond!

In die gesin

As ons nou die bostaande in praktiese terme wil vertaal vir ons gesinne, moet ons na die volgende paar trefwoorde kyk:

Die liefde is die ewige lewe in die aardse lewe. Maar hoe kan ék so liefhê? Ek kan nie! Tensy ek iets verstaan van Sy liefde.

- J Heyns

1. Vertroue

God is die eerste in ons kinders se lewe. Hy het die eerste woord gespreek: Ek wil jou Vader wees. Op hierdie eerste woord bou jy jou hele opvoeding. Dit verlos van alle krampagtigheid en angs. God gooi ons nie aan die diep kant in om ons te laat swem nie. Hy begelei ons. Die groot Reisleier in ons gesinslewe. Jy mag rustig en ontspanne leef.

2. Gebed

Juis omdat ons in die verbond volledig op die Here aangewys is, is die gebed onmisbaar. Daarin dra jy jou kinders aan die Here op. Met jou kinders oor die Here praat is belangrik. Met die Here oor jou kinders te praat net so goed. Die gebed is nie sommer 'n hou in die lug nie. Jy spreek God in sy heiligdom aan op sy eie beloftes. Jy bid vir die vervulling daarvan.

Nee, ons het nie soveel vertroue in ons kinders nie. Al biddend spreek ons ons vertroue in die Here uit. Hy is in staat om jou kind tot geloof en bekering te bring. Dit bevry jou van krampagtigheid. Die Here moet dit doen, nie jy nie.

3. On-vanselfsprekendheid

Jy het nie soveel vertroue in jou kinders nie. Dit is nie lelik nie, maar realiteit. Jy gaan nie van die veronderstelling uit dat dit vanself met jou kinders sal goed gaan nie. Daar bestaan nie 'n roltrap van doop na geloofsbelydenis nie. Die voorbeelde in die Bybel leer definitief iets anders. Samuel het ongetwyfeld vir sy seuns ook ander verwagtinge gehad. Teleurstelling kan nie voorkom word nie. Dis ook nie goed om te ongeërgd deur die lewe te gaan, asof die probleme altyd net by ander is nie. Jy kan jou kind nie geloof gee nie. Jy staan des te meer verwonderd as jou kind tog wel sy hart vir die Here gee. Ook in praktiese beslissings is 'n gesonde dosis wantroue in jou kinders gepas. Byvoorbeeld as jou seun alleen saam met sy meisie op vakansie wil gaan. Dan sê hulle, as jy beswaar maak: "Julle vertrou ons nie!" En dan sê jy: "Korrek, jy is 'n kind wat uit my voortgekom het, een van my soort. Juis daarom".

4. Ongeveinsdheid

In die verbond lewe is om in verbondenheid met die lewende God te lewe. Dit kan dus per definisie nie 'n saak wees wat slegs op Sondae of by tafelgebode sigbaar word nie. Lewende verbondenheid met God sal inhou dat jy jou geloof onder woorde probeer bring, dat jy as vader en as moeder oor jou eie geloof durf te praat. Praat oor ons goeie en slegte tye, oor ons vertroue, maar ook oor ons twyfels en onsekerhede.

In jou gebede moet dit blyk dat daar 'n lewende verhouding met die Here is. Dit moet veral blyk dat jy nie in twee wêreldes leef nie: Die een met God, die ander sonder. Die wêreld behoort aan die Verbondsgod. Daarom met jy belangstel in die wêreld waarin jou kinders leef. Wat is vir hulle mooi, watter musiek hou hulle van, waaroor praat hulle, waarna kyk hulle? En daardie lewe betrek jy dan in die omgang met die Here. Nee, opvoeding word dan verseker nie makliker nie, maar wel eerliker, meer eg. Kinders weet gou genoeg of dinge opreg of skyn is.

Die gebed is nie sommer 'n hou in die lug nie. Jy spreek God in sy heiligdom aan op sy eie beloftes. Jy bid vir die vervulling daarvan.

Hierdie sluit by die vorige aan. Dit is wesenlik vir die verbondslewe in die gesin dat daar 'n riglyn bestaan. Dat jy in alle erns daarna soek en toon dat jy besig is met die plek wat die Here in jou huis het. Dit kom nie sommer vanself nie. Jy moet daarvoor nadink. Jy kan dit toepas op TV kyk, jou Sondagsviering, partytjies, jou omgang tussen ouers en kinders. So word die verbondslewe met die Here ook konkreet.

6. Konkrete realiteit

En hiermee wil ek eindig. Die verbond is 'n lewendige werklikheid. Die Here wil met ons en ons kinders omgaan. Dit is 'n groot wonder. En Hy wil dan ook in jou huis bly. En Christus wil in jou hart woon. So naby kom die werklikheid van die verbond.

God het een Seun sonder sonde, maar geen seuns sonder lyding nie

- Augustinus

In die eerste plek is dit baie mooi dat jy op jou klein plekkie met die hemel verbind mag wees. Dit mag vir u en vir my stimuleer om besig te wees in gebed, in sang, in ons omgang met God se Woord. Stiltetyd is belangrik. Die Here Jesus het ons verwys na ons binnekamer vir ons verborge omgang met ons God. Maar laat daar 'n duidelike verbinding tussen ons binnekamer en die ander vertrekke van ons huis wees! Dan sal die geur van Christus ons huis deurtrek. Dan sê ons saam met Josua: "...maar ek en my huis, ons sal die Here dien" (Jos 24:15). Dit is 'n belydenis, maar ook 'n opdrag. 'n Opdrag wat baie werk van ons vra. Maar God gee alles wat nodig is. Hy hou niks terug nie. Hy laat ons nie kortkom nie. So word die lewe in die verbond 'n fees, elke dag weer.

Christelike toleransie gee altyd pyn. As ons geen pyn voel nie, is dit nie toleransie nie, maar blote onverskilligheid